MATIES RUGBY

# Maties Rugby Nuus

Oktober 2024






# Samevatting van 'n opwindende seisoen!

**Welkom by ons eerste Maties Rugby-nuusbrief.** Ons doel is om ons rugbygemeenskap van spelers, studente-aanhangers, alumni, ondersteuners en borge te verbind met nuus en insigte op een platform, wat ons hoop om elke twee maande te lewer.

Aan die einde van die 2024 rugbyseisoen het ons rede om trots te wees. In die **Varsitybeker-toernooi** het ons span elke week verbeter en uiteindelik tweede op die punteleer geëindig om 'n tuishalfeindstryd te verseker. Die nederlaag in daardie wedstryd het seergemaak, maar ons het baie lesse geleer en sal volgende jaar sterker terugkom.

Ons het vanjaar gemengde uitslae in die **WP-liga** behaal. Maties se eerste span, afgerig deur Kabamba Floors en Craig Barry, het vierde op die punteleer geëindig, net ses punte agter Hamiltons, en hul ligaveldtog het in die halfeindronde tot 'n einde gekom. Ons tweede span (Victorians), afgerig deur Enrico Swartz en Louis Blom, het tweede geëindig, agt punte agter die wenners, Valsbaai, en ons derde span (Cravens), afgerig deur Greg Nel en Lucas Roothman, het vierde geëindig, ses punte agter die wenners, Durbell. Ons junior-Maties, afgerig deur Eddie Fredericks, Matimu Maganyi en Clinton van Rensburg, het ook vierde op hul punteleer geëindig, 10 punte agter die wenners, Hamiltons.

Ons vrouesewesspan het dapper weerstand gebied teen Pukke in die eindstryd van die USSA Sewes-toernooi in Kimberley om uiteindelik die silwermedalje te verower. Ons manspan het 'n moeiliker toernooi gehad, maar het die skild gewen in hul finale wedstryd teen TUT.

Ons wens Ben-Jason Dixon, Edwill van der Merwe en André-Hugo Venter geluk met hul insluiting by die **Springbok-groep.** Hulle het almal 'n blywende indruk by die klub gemaak en hulle is uitstekende rolmodelle vir spelers en voornemende studente-atlete. Hulle is bewyse dat dit moontlik is om 'n akademiese kwalifikasie te behaal terwyl jy op die pad van rugby-ontwikkeling bly.

Die Maroenmasjien loop op geoliede wiele en ons verwelkom nog **nuwe personeeltalent:** Aneesah Adams, hoofafrigter van die vrouerugbyspan, Clinton van Rensburg, Young Guns-afrigter, en Johnwin Lewis, fasiliteite-assistent.

Ons het een van die beste universiteiteklubs in die wêreld en ons hou aan floreer te danke aan die ruimhartige ondersteuning van skenkers en borge. En hierdie maand is ons opgewonde om 'n **hoofborgskapooreenkoms** met Mitchum te onderteken (sien berig hier onder).

Lees verder om meer uit te vind oor ons **hoofafrigter** en al die statistieke van die **Kampusliga-seisoen.** Neem ook kennis van **belangrike datums** sodat jy persoonlik of virtueel kan opdaag om jou ondersteuning te wys.

**Lekker lees ...**

**Drikus Hancke**
**Hoof van Maties Rugby**

## Kabamba Floors – positief, vasberade en toegewyd



Rugby is nie bloot 'n werk of 'n loopbaan vir Maties Rugby se hoofafrigter Kabamba Floors nie – dis 'n roeping. Floors was nege toe hy op 'n stowwerige veld by 'n plaasskool in Oudtshoorn aan die sport bekendgestel is. Ná 13 jaar as 'n professionele speler en 'n geleentheid om vir die Springbokke uit te draf, fokus hy nou sy talente op die komplekse rol van Maties Rugby-hoofafrigter.

LEES MEER

## Mitchum is ons hoofborg vir 2025




Maties en Mitchum deel dieselfde waardes, en dié borgskap sal Maties in staat stel om uitnemendheid te bevorder. Dit sal ook bydra tot finansiële volhoubaarheid en 'n verskil maak deur sosiale impak, kapasiteitsbou en navorsing vir impak.

LEES MEER



#Go! MATIES

## Al die statistieke van die Kampusliga



Die Kampusliga het 75 jaar gelede in sy vroegste formaat as 'n interkoshuisliga afgeskop. Nou, in 2024, vier ons passievolle rugbymededinging wat deel is van die Universiteit Stellenbosch se DNS.

LEES MEER

**Sluit aan by die gesprek:**

**Tel:** 021 808 3802
**E-pos:** shareen7@sun.ac.za
**Facebook:** www.facebook.com/Matiesrugby
**Instagram:** @matiesrugby
**Web:** www.sport.sun.ac.za